



WIE BESIT ONS STAPELVOEDSELSTELSEL?

Suid-Afrikaners eet jaarliks sowat 28 biljoen brode en gemiddeld verbruik elke persoon jaarliks 100kg mielies en mielie-verwante produkte – koring en mielies is die land se stapelvoedsel.

Die koring- en mielie waardekettings word deur slegs 'n paar maatskappye beheer. Dit sluit die voorsieningsketting vanaf die boer se lande na die meule, die winkelrak tot by ons tafels elke dag, in.

Die voormalige storingskoöperasies Senwes, NWK en Agri, wat onder apartheid gestig is, beheer 74% van die silo-kapasiteit van mielies, terwyl Tiger Brands, Premier Foods, Pioneer Foods en Foodcorp die meul-industrie van koring en mielies, sowel as die brood en mielie kleinhandelsmark, beheer.


HOE HET DIT GEBEUR?

Die meul- en kleinhandelsmark was hoogs gereguleer onder apartheid. Die de-regulasie na 1994 was daarop gemik om ander spelers in die mark toe te laat, dit meer kompetierend te maak en pryse te laat daal. Dit het nie gebeur nie.

Die bestaande maatskappye het hulself dieper in die mieliemeule- en verspreidingsmark, asook die brood-sektor ingegrawe deur kleiner spelers op te koop en toegang vir ander te blokkeer.


Verbruikers betaal nou meer vir mielies en koring, boere kry minder geld as voorheen en die maatskappye kry meer – die berging, meule, verspreiding en kleinhandelmaatskappye maak reuse winste.

Maal van Witmielies




■ Ander
■ Tiger Brands
 Premier Foods
 Pioneer Foods
 Foodcorp

Maal van Koring




■ Ander
■ Tiger Brands
 Premier Foods
 Pioneer Foods
 Foodcorp

Eienaarskap van die mieliemeelmark (2013)



■ Foodcorp & ANDER
■ Premier Foods IWISA IMPALA NYALA
■ Tiger Brands ACE
■ Pioneer Foods WHITE STAR

Eienaarskap van die broodmark (2013)



■ Ander SUPERMARKTE BAKKERIE
■ Premier Foods BLUE RIBBON
■ Tiger Brands ALBANY
■ Pioneer Foods SASKO & DUENS



WIE BESIT ONS STAPELVOEDSEL-STELSEL?

WIE BESIT ONS KLEINHANDEL-SEKTOR?

Die kleinhandelmark vir kos word boonop deur vyf maatskappye beheer. Hierdie maatskappye is Shoprite Holdings, Pick n Pay Kleinhandelgroep, Spargroep, Woolworths Holdings en Massmart.



■ 35% Shoprite
■ 27% Spar Group
■ 27% Pick n Pay
■ 8% Woolworths
■ 2% Massmart

Almal is in die bed met mekaar...

Boonop is daar kruisverhoudings tussen diegene wat die meule, berging en verspreiding van mielies en koring beheer en diegene wat dit as finale produk verkoop.

Christo Wiese, die grootste aandeelhouer in Shoprite Holdings, is byvoorbeeld ook die hoofaandeelhouer in Brait SA, wat op sy beurt die hoofaandeelhouer in Premier Foods is.

WINSBEJAGDE KARTELS: HOEVEEL VERDIEN HULLE?

Finansiële verslae van maatskappye soos Tiger Brands en Pioneer Foods toon dat hierdie maatskappye reuse winste maak uit hulle bakkerij-afdelings – 'n hoër persentasie as hulle verdienste uit die res van hulle ondernemings.



Winste verdien uit bak-afdelings (2012)


ONS BETAAL ALMAL DIE GELAG!

Konsolidasie (besit van 'n industrie deur slegs 'n paar spelers) knou verbruikers en kleinskaalse boere en winkeleienaars, insluitend spaza winkeleienaars.

- Sluit kleinskaalse boere en kleinhandelaars uit die mark uit, aangesien hulle nie met die grootspelers, wat hulle grootte gebruik om laer pryse vir goedere en dienste te betaal, kan meeding nie.

Hierdie tipe eienaarskappatroon:

- Beteken dat die groot spelers in effek die prys vir stapelvoedsels bepaal.



Prysstygings in brood

SAMESPANNING: BROOD EN MIELIES PRYSVASSTELLING

Tiger Brands, Pioneer Foods, Premier Foods en Foodcorp...

het op verskeie geleenthede onwettig ooreengekom om die prys van brood te verhoog. In 2006 het hierdie vier maatskappye ooreengekom om die prys van brood 'n week voor Kersfees, met 30-35 sent, te verhoog, en tussen 1999 en 2007 het hulle met ander meulenaars ontmoet en ooreengekom om die prys

van koring en witmielieprodukte op sekere tye en plekke vas te stel en 'n uniforme pryslys vir al hulle klante, te bepaal. Die Mededingingskommissie het hulle in die brood-saak skuldig bevind aan prysvasstelling en in die koring en witmielie-sake, is hulle aan samespanning (onwettige samewerking),

skuldig bevind. Omdat hulle die Kommissie gehelp het om meer van die storie te bekom, het Premier vrywaring teen vervolging gekry. In ruil vir hul samewerking, is Tiger Brands se boete ook na R98 miljoen verminder, terwyl Pioneer met R1 miljard beboet is.





WIE BESIT ONS STAPELVOEDSELSTELSEL?


SUID-AFRIKA SE HONGER SKANDE

Artikel 27 van Suid-Afrika se grondwet bepaal dat "Elkeen het die reg op toegang tot voldoende voedsel en water" en plaas die verantwoordelikheid op die staat om binne beskikbare middele, redelike stappe te neem om aan hierdie regte uitvoering te gee.

Ons is honger

- Slegs die helfte van Suid-Afrika se bevolking geniet voedselsekureit tot die mate dat hulle toegang het tot "voldoende, veilige, gesonde voedsel ten einde 'n gesonde en aktiewe leefstyl te handhaaf".
- Suid-Afrikaners is nie honger omdat daar nie genoeg kos is nie – hulle is honger omdat hulle dit nie kan bekostig of toegang daartoe het nie.


Suid-Afrikaanse bevolking van 50 miljoen mense



VOEDSELPRYSE BLY STYG

Bykans 70% van alle voedsel word by supermarkte gekoop. Armes word die swaarste deur stygende pryse getref, aangesien hulle ongeveer 34% van hulle inkomste jaarliks op voedsel spandeer. Hierdie persentasie styg jaarliks. 35% van hierdie uitgawes is op brood en mieliemeel. Alle stygings in voedselkoste, insluitend dié wat volg op prysvasstelling, benadeel hul vermoë om hulle gesinne te voed.

Prys van Kosmandjie



Source: <http://www.parsa.org.za>

- Ongeveer 12 miljoen (24%) Suid-Afrikaners gaan honger slaap.
- Ongeveer 13 miljoen (26%) weet nie of hulle genoeg kos vir more het nie.
- Slegs ongeveer 28 miljoen (50%) het genoeg kos om tee et.

Ons moet dringend hierdie kartels wat Suid-Afrikaners – en veral die armstes van armes – in 'n wurggreep het deur hulle beheer oor ons twee stapelvoedsels, mielies en brood, opbreek. Daar is 'n vinnig-groeiende sosiale beweging in Suid-Afrika wat aandring op 'n nuwe voedselstelsel vir ons land; 'n voedselstelsel wat volhoubaar en regverdig is en gesonde voedsel produseer. Dit verg 'n stelsel wat die bydrae van kleiner rolspelers hoog op prys stel en hulle toegang tot die mark verseker.